DIE ANGELUS-GEBED

V/ Die Engel van die Here het aan Maria die boodskap gebring:

R/ En sy het ontvang van die Heilige Gees.

Wees gegroet, Maria, vol genade, die Here is met u.
Geseënd is u onder die vroue
en geseënd is Jesus die vrug van u skoot.
Heilige Maria, Moeder van God, bid vir ons sondaars,
nou en in die uur van ons dood. Amen.

V/ Aanskou die diensmaagd van die Here:

R/ Laat dit met my gaan volgens u woord.

Wees gegroet, Maria, vol genade, die Here is met u.
Geseënd is u onder die vroue
en geseënd is Jesus die vrug van u skoot.
Heilige Maria, Moeder van God, bid vir ons sondaars,
nou en in die uur van ons dood. Amen.

V/ Die Woord het vlees geword:

R/ En onder ons gewoon.

Wees gegroet, Maria, vol genade, die Here is met u.
Geseënd is u onder die vroue
en geseënd is Jesus die vrug van u skoot.
Heilige Maria, Moeder van God, bid vir ons sondaars,
nou en in die uur van ons dood. Amen.

V/ Bid vir ons, heilige Moeder van God:

R/ Dat ons die beloftes van Christus, waardig mag word.

V/ Laat ons bid:

Ons smeek U, Here, stort u genade in ons harte uit, sodat ons wat deur die boodskap van die Engel, die menswording van Christus, u Seun, leer ken het, deur sy lyding en kruis tot die heerlikheid van die opstanding gebring mag word. Deur [dieselfde] Christus, onse Here. Amen.

© Die Oratorium Uitgewery | Amptelike goedgekeurde teks | Teks in hakkies [ ] mag weggelaat word